# Van konsentrasiekamp kerkhof tot gedenktuin

## Deur J.M. van Tonder

Dr. Jacobus Machiel van Tonder is gebore in Pretoria, spandeer sy hoërskool jare op Vryburg, Hoër Noord Kaap. Verrig militêre diens in die Leëgimnasium Pretoria en is drie jaar orkes instrukteur by Leër Orkes. Hy studeer by UNISA (BA), pPU v CHO (ThB Teologie.) en is predikant in Ficksburg, Tsumeb/Oshakati, Krugersdorp vanaf 1990- 2011. Emeriteer 2011. Hy behaal sy PhD (UP) insake *KERK UITBREIDING DEUR DIE ANGOLA TREKKERS* en 'n PhD (NWU) *DIE PASTORALE ROL VAN DIE HOLLANDS AFRIKAANSE KERKE GEDURENDE DIE TWEEDE WêRELDOORLOG 1939-1945*. Hy is die streeksleier van DIE VOORTREKKERS in Noord Suid-Wes Afrika (Namibië), streeksverteenwoordiger AKSWA Afrikaanse Kultuurorganisasie Suid-Wes Afrika, voorsitter Paardekraal Feeskomitee (etlike jare) en is tans woonagtig in Quelleriepark Krugersdorp

## Opsomming

In Pretoria was 'n "Boere Toevlug-kamp". 2 November 1901 is die Irene Konsentrasiekamp geopen toe die Boerekamp daarheen verskuif is. Die kampe van Nylstroom en Pietersburg is later oorgeplaas na Irene. Kampkommandant Bruce het die begraafplaas gesluit vir verdere begrafnisse omdat dit in die middel van die kamp was en het 'n tweede begraafplaas begin ongeveer 500m wes van die kamp.

Besoeke aan die begraafplaas na die oorlog was periodiek. Die SAVF het vanaf 1906 die terrein skoon gehou. Voor 1956 was daar geen Staatsinstansie wat na oorlogsgrafte omgesien het nie. In 1956 is 'n Ad Hoc Komitee gestig. Die Oorlogsgrafte Komitee. Restourering van konsentrasiekampterreine begin 1958. Slegs 850 grafstene is gevind. Die graf klippestapels is verwyder vir 'n gedenkmuur en plaveisel. Geen graf is opgegrawe nie. Die terrein is gelyk gemaak en grafstene in alfabetiese orde is opgerig. Die leiklipstene is vasgeskroef in vier symure. By die ingang is vier suile opgerig en voor die sentrale muur. Verwydering van die bekisting van voorste suile laat die laaste suil omval en die ander is omgedruk.

In 1965 word die kindergrafte in die tweede begraafplaas opgegrawe en in 'n Praalgraf geplaas. Die lengte van die kiste, was volgens die lengte van 'n femur. Geen volwassene is opgegrawe nie. In 1989 is die Praalgraf met marmer bedek. Van die grafsteentjies teen die mure is gesteel. Almal is verwyder en word in 'n vraghouer op die terrein geberg. Kampinwoners het geweier dat Britse soldate daar begrawe word. Later is toegegee vir vyf. Die grafstene is na die oorlog deur Boere verniel. Net een het behoue gebly. 'n Kantoor is op die terrein gebou.

## Referaat / notas

Dit is bekend dat na die uitbreek van die oorlog het talle mense na Pretoria getrek vir beskerming. Dit was vrouens en kinders en mans wat te oud was of een of ander rede gehad het om nie op kommando te wees nie. Dié wat nie verblyf in Pretoria gehad het nie, is in 'n "Boere kamp" by die Apiesrivier gehuisves. In Desember 1900 is Pretoria deur die Engelse beset. Kitchener gee bevel dat "Toevlugskampe" opgerig moet word in Pretoria en Bloemfontein. Op 2 November 1901 is die Irene kamp geopen toe die "Boere kamp" daarheen verskuif is**.** Daar was 'n militêre kamp waar die stasie vandag

is. Die oorspronklike stasie was teenoor die kampterrein. Kitchener se Verskroeide Aarde beleid het veroorsaak dat die kamp uitgebrei het tot waar die huidige snelweg vandag is.

Die eerste kamp kommandant was ‘n joiner, N.J. Scholtz, wat ‘n veragtelike persoon onder die Boere was en selfs deur die Engelse geminag is. Hy het nie veel vir die welstand van die inwoners omgegee nie sodat Irene gou bekend / berug geword het vir sy hoë getal sterftes. Scholtz word later as superintindent met ‘n mnr. Enselen vervang. Ook Enselen was ongevoelig teenoor sy mede landgenote en is gevolglik deur die Boere geminag. Hy word vervang met kapt. Bruce, ‘n mediese offisier. Onder sy knap bestuur het die sterftesyfer drasties verminder en was Bruce gevolglik deur die inwoners hiervoor gerespekteer.

Later is die kampe van Nylstroom oorgeplaas na Irene en ‘n tweede kamp, aan die suide kant van die Hennopsrivier is ingerig**.** Daar was uiteindelik 5 400 inwoners in die kamp.‘n Begraafplaas is in by die kamp ingerig en ‘n terrein van 150 meter by 45 meter is vir hierdie doel afgesonder. Die terrein kon nie vergroot word nie, omdat dit binne die kamp was. Noord, Wes en Suid was tente en aan die Oostekant was ‘n skool ingerig. Bruce besluit dat ‘n tweede begraafplaas ten weste van die Hennopsrivier aangelê moes word wat vandag bekend is as die Irene begraafplaas. Die sterftesyfer word aangedui as 1 149, maar daar is egter ‘n grafplaatjie met die nommer 2156 tussen die grafte opgetel, dus ‘n verskil van 1007.

## Dan kom die Vrede.

Omdat baie van die mense ver van Irene gewoon het, het familie besoeke aan die begraafplase periodiek plaasgevind**.** Geleidelik het die terrein oorgroei geraak. Van die grafte het verwaarloos en van die grafstene het rond gelê. Vanaf die owerheid se kant was daar self ook nie enige instandhouding van die terreine nie. (Waarskynlik ook nie belang nie). Die SAVF, wat in 1904 gestig is het vanaf 1905 toegesien dat die terrein skoon gehou word.

In 1956, met adv. J.G. Strydom as Eerste Minister is ‘n Ad Hoc Komitee gestig, die Oorlogsgrafte Komitee, vir die beplanning en koördinering van versorging van oorlogsgrafte in die land. Dr. Willem Punt is aangewys as die voorsitter. Die komitee se naam word verander na die Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte, wat twee komitees gehad het. Die komitee vir Burgergrafte vanaf 1854 – 1904, en die komitee vir Britse Soldate. In 1958 is daar deur die Provinsiale Administrasie en die Burger grafte Komitee besluit om die begraafplaas in ‘n Gedenktuin te omskep. In hierdie studie word slegs na die Irene begraafplaas verwys. Die kontrakteur was J.H. van Tonder van Pretoria.

Van die 1 200 sterftes in Irene is slegs 850 grafstene gevind, meestal van leiklip omdat dit maklik verkry kon word en maklik verwerk kon word. Vir Anna Prinsloo het haar familie vroeër ‘n eie gedenksteen opgerig. Die klipstapels van die grafte is verwyder en gebruik om ‘n gedenkmuur op te rig, en die res as plaveisel. Geen graf is

opgegrawe nie. Die terrein is eenvoudig gelyk gemaak en grafstene met name in alfabetiese orde is opgerig. Die leiklip grafstene is vasgeskroef in drie symure wat Oos Wes en Noord opgerig is. By die ingang is vier suile opgerig en voor die sentrale muur ook vier. Die simboliek van die suile was Volk, Godsdiens, Taal en Kultuur. Toe die bekisting van die suile by die ingang verwyder is het die laaste suil begin verbrokkel en omgeval teen die tweede, die derde en vierde. Al vier moes oor gegiet word.... Die kontrakteur se kommentaar was.

> *"Is dit simbolies van die Afrikaner. Tydens die Vryheidsoorlog verdeeldheid tussen Burgers/ Hensoppers/Joiners. Tydens die Eerste Wêreld Oorlog die rebellie. Tydens die Tweede Wêreld Oorlog die verdeeldheid tussen Rooilussies , OB en Nasionaliste. Gaan die vier pilare van die Afrikanerdom in die toekoms verbrokkel?"*

In 1965 het die Burgergrafte Komitee, toestemming van mnr Van der Bijl (eienaar van die plaas Irene ) gevra om van die kindergrafte in die tweede begraafplaas op te grawe en in 'n Praalgraf in die Gedenktuin te plaas. Na die Bethulie begraafplaas gerestoureer is, is die Verwoerd / Gariepdam gebou en daardie grafte sou onder water kom. Die grafte is opgegrawe en na 'n nuwe terrein verskuif. Die planke van die kiste wat gebruik is was die lengte van 'n femur, die langste been. Die planke wat by Bethulie oorgebly het is later by Irene gebruik. Dit was eers op 'n plaas te Skeerpoort gestoor, totdat amptelike goedkeuring van Van der Bijl en Dept. Gesondheid verkry is vir die opgrawing. Die planke is daarna na die tweede begraafplaas geneem en daar aanmekaar gesit soos die 34 grafte oop gegrawe is, met die polisie wat hieroor toesig gehou het. Hierdie kissies is hierna in die Praalgraf ingeskuif. In die middel was 'n opening waar die kissies ingesit is en dan ingeskuif is. Die Praalgraf is later in 1968 met marmer bedek. Daar is geen volwassenes opgegrawe nie, hoewel daar vir volwassenes ook 'n Praalgraf opgerig is. Die Praalgraf is leeg.

Die sipresbome rondom die begraafplaas wat groot en wild gegroei het, is in 1965 afgesaag. Die SAVF het 'n Boomplantdag van inheemse bome gereël. Met die jare is van die leiklip-grafsteentjies deur vandale vanaf die mure verwyder. As voorkomende maatreël is besluit om almal te verwyder en hulle word tans in 'n vraghouer op die terrein geberg. Dit sal later agter glas uitgestal word. 'n Gedenkmuur met die name, alfabeties, is in die middel van die terrein opgerig en die binneste vier suile is verwyder.

Die kampinwoners het aanvanklik geweier dat soldate in "hulle" begraafplaas begrawe word, maar veel later is daar wel toegegee. Vyf grafte van offisiere is in die verste noordwes hoek gekry. Hierdie soldate se grafstene is na die oorlog vernietig. Net een grafsteen se fragmente het behoue gebly sodat dit herstel kon word. Of daar enige argeologiese opgrawings vooraf in die twee kampterreine gedoen is kon ek nie vasstel nie. Tans is dit 'n beboude voorstad van Pretoria wat argeologiese navorsing sou bemoeilik. Erkenning moet gegee word aan die SAVF, die Voortrekkerbeweging

en Centurion Munisipaliteit vir die versorging van die terrein tot 1994. Tans onderhou die Irene gemeenskap die terrein.

**DIE KAMP KERKHOF**

(*Erkenning aan Lina Spies “Laat die kindertjies na my toe kom*)

Hy het die kindertjies na Hom laat gaan
Die kindertjies van Meerbank en Irene
Vel geraamtetjies
van Alliwal en Betulie
Laaste snikkies
In tente wat ruik na koors en smet
waar moeders leë-oog moes wyk voor die dood

Hy het die moeders na Hom laat gaan
Moeders wat siel gedood niks meer vra
Haar dowe oë ewig gesluit
teen smart en magteloosheid
Oor die onverstaanbare
Die onverklaarbare
Godsbesluit

Hy het hulle na Hom toe laat gaan
Kinders en vroue
deur oorheersers met die dood soos ‘n skadu
wat stap in sy spoor
Soos ‘n Herodus in sy moordlus en haat
Is die dood nou in ‘n kakie gewaad
Wat moeders en kinders
Deur Hel kampe na Hom toe laat gaan.

## BRONNE

Erfenisvereeniging Centurion: IRENE KONSENTRASIEKAMPKERKHOF EN TUIN VAN HERINNERING Anglo Boereoorlog 1899-1962: 2007.
Mondelinge meedeling: Van Tonder JM (snv JH van Tonder kontrakteur) 2018
Du Preez C. Ervenisvereeniging Centurion 2018